> Omdat dit nie betroubaar voorspel kan word watter tipe veluitslag lewensbedreigend kan wees nie, moet alle pasiënte (volwassenes en kinders) wat veluitslag ontwikkel spoedig beoordeel word en **Lamidus ODT** moet onmiddellik onttrek word tensy die veluitslag duidelik nie met die middel verband hou nie.
> Veluitslag is ook aangemeld as deel van 'n hipersensitiwiteitsindroom wat met 'n wisselende patroon van sistemiese simptome gepaardgaan, waaronder koors, limfadenopatie, pruritus, edeem in die gesig, abnormaliteite in die bloed en lewer en trombositopenie. Die sindroom het klinies gewissel van minder ernstig tot baie ernstig en kan tot verspreide intravaskulêre koagulasie en versaking van verskeie organe lei. Dit is belangrik om op te merk dat vroeë manifestasies van hipersensitiwiteit (bv. koors, limfadenopatie) teenwoordig kan wees selfs as veluitslag nie opvallend is nie. As sulke tekens en simptome teenwoordig is, moet die pasiënt onmiddellik beoordeel en behandeling met **Lamidus ODT** moet gestaak word as 'n alternatiewe etiologie nie onmiddellik bepaal kan word nie.

Bipolêre versteuring: Die moontlikheid van 'n selfmoordpoging is inherent in psigotiese siektes en noukeurige toesig van pasiënte met hoë risiko moet tydens behandeling gedoen word.
Lamidus ODT rem dihidrofolaatreduktase en moet versigtig saam met ander folaatantagoniste gebruik word.

Invloed op die vermoë om motor te bestuur of masjinerie te gebruik:
Lamidus ODT kan duiseligheid, slaperigheid en dowwe of dubbele visie veroorsaak. Bestuur van voertuie en hantering van masjinerie moet vermy word totdat die uitwerking van **Lamidus ODT** op die individuele pasiënt bepaal is.

INTERAKSIES:
Ensieminduseerders (soos fenitoïen, karbaamasepien, fenobarbitoon en primidoon) versnel die metabolisme van **Lamidus ODT** wat tot 'n vinniger opruiming en gevolglike afname in die eliminasiehalfleeftyd van **Lamidus ODT** lei. Gelyktydige gebruik van valproësuur verleng die halfleeftyd en verhoog die plasmakonsentrasies van **Lamidus ODT** vanweë kompetisie vir hepatiese glukuronidering. Plasmakonsentrasies van valproësuur kan effens daal as **Lamidus ODT** bygevoeg word (kyk "**Farmakokinetiese eienskappe**").

Daar is geen getuienis dat **Lamidus ODT** die plasmakonsentrasie beïnvloed van ander anti-epileptiese middels wat saam gegee word nie. **Lamidus ODT** verplaas nie ander anti-epileptiese middels van bindingsplekke aan proteïene nie.

Gebruik saam met rifampisien het die opruiming van lamotrigien aansienlik versnel. Die totale urienuitskeiding van lamotrigien en die hoeveelheid wat as glukuronied uitgeskei word, is beduidend hoër in vergelyking met plasebo.

'n Studie met gesonde proefpersone het bevind dat lopinavir versterk deur ritonavir die minimum plasmakonsentrasie van lamotrigien by gelykvlakke met ongeveer 55 % verlaag het; die verdubbeling van die dosis lamotrigien het konsentrasies soortgelyk aan dié van lamotrigien alleen bereik.
Daar is geen getuienis dat **Lamidus ODT** klinies beduidende induksie of inhibisie veroorsaak van oksiderende ensieme in die lewer wat geneesmiddels metaboliseer nie. **Lamidus ODT** kan sy eie metabolisme induseer, maar die effek is matig en het waarskynlik geen klinies beduidende gevolge nie.

Dit lyk nie asof **Lamidus ODT** plasmakonsentrasies van etinielestradiol en levonorgestrel na toediening van die voorbehoedpil beïnvloed nie. Enige verandering in menstruele bloeding moet egter ondersoek word.

Die farmakokinetika van litium na 2 g watervrye litiumglukonaat twee keer per dag vir ses dae aan 20 gesonde persone is nie deur die toediening van 100 mg lamotrigien per dag verander nie. Veelvuldige orale dosisse bupropioon het in 12 persone geen statisties beduidende effekte op die farmakokinetika van enkele dosisse van lamotrigien gehad nie en het slegs 'n effense toename in die AOK van lamotrigienglukuronied gehad. *In vitro*-eksperimente oor inhibisie het aangedui dat die vorming van die primêre metaboliet van lamotrigien, die 2-N-glukuronied, minimaal deur ko-inkubasie met amitriptilien, bupropioon, klonasepaam, fluoksetien, haloperidol of lorasepaam beïnvloed is. Data van die metabolisme van bufuralol deur menslike lewermikrosome het voorgestel dat lamotrigien nie die opruiming van medisyne wat hoofsaaklik deur CYP2D6 uitgeskei word, verminder nie. Resultate van *in vitro*-eksperimente dui ook dat die opruiming van lamotrigien waarskynlik nie deur klosapien, fenelsien, risperidoon, sertralien of trasodoon beïnvloed sal word nie.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING:
Die veiligheid van **Lamidus ODT** tydens swangerskap en borsvoeding is nie bepaal nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Dit is belangrik om by die aanbevole dosisse te hou veral tydens kombinasiebehandeling met valproaat waar een tiende van die normale dosis van Lamidus ODT gebruik moet word. Die maksimum dosis moet nie oorskry word nie (kyk "**Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls**").
Om te verseker dat 'n terapeutiese dosis volgehou word, moet die gewig van 'n kind gemonitor en die dosis dienooreenkomstig aangepas word. As die dosis bereken vir die kind volgens liggaamsmassa nie op 'n heel tablet uitwerk nie, moet die dosis wat toegedien word die kleiner getal heel tablette wees.

Epilepsie
DOSIS TYDENS MONOTERAPIE:
Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:
Aanvanklike dosis vir monoterapie: 25 mg een keer per dag vir twee weke gevolg deur 50 mg een keer per dag vir twee weke. Die dosis kan elke 1 - 2 weke met 'n maksimum van 50 mg - 100 mg verhoog word totdat die optimale respons verkry word.
Instandhoudingsdosis vir monoterapie: Die gewone dosis om optimale respons te bereik, is 100 - 200 mg per dag gegee as een of twee verdeelde dosisse. Party pasiënte het 500 mg/dag **Lamidus ODT** nodig om die verlangde respons te verkry.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar (totale daaglikse dosis)

Weke 1 & 2	Weke 3 & 4	Instandhoudingsdosis
25 mg (een keer per dag)	50 mg (een keer per dag)	100 - 200 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse). Om instandhouding te verkry, kan dosisse elke 1 – 2 weke met 50 – 100 mg verhoog word.

Die aanbevole aanvangsdosis en daaropvolgende verhoging in dosisse moet nie oorskry word nie om die risiko vir veluitslag te verminder (kyk "**Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls**").

DOSIS TYDENS BYKOMENDE BEHANDELING
Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:
Slegs saam met ensieminduserende antikonvulsante: Die aanvanklike dosis is 50 mg een keer per dag vir twee weke, dan 100 mg per dag verdeel in twee doserings vir twee weke. Die dosis kan elke 1 - 2 weke met 'n maksimum van 100 mg verhoog word totdat die optimale respons verkry word. Die gewone instandhoudingsdosis is 200 – 400 mg/dag gegee as twee verdeelde dosisse.
Met ensieminduserende antikonvulsante en valproësuur: Die aanvanklike dosis is 25 mg een keer elke tweede dag vir twee weke, dan 25 mg een keer per dag vir twee weke. Die dosis kan elke 1 tot 2 weke met 'n maksimum van 25 tot 50 mg per dag verhoog word totdat die optimale respons verkry word. Die gewone instandhoudingsdosis om optimale respons te verkry, is 100 tot 200 mg/dag gegee een keer per dag of as twee verdeelde dosisse.

Vir pasiënte wat anti-epileptiese medisyne gebruik waarvan die farmakokinetiese interaksie met **Lamidus ODT** tans onbekend is, moet die eskalering van die dosis soos aanbeveel vir **Lamidus ODT** saam met valproaat gebruik word. Daarna moet die dosis verhoog word totdat die optimale respons verkry word.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar (totale daaglikse dosis)

	Weke 1 & 2	Weke 3 & 4	Instandhoudingsdosis
Pasiënte wat nie natriumvalproaat gebruik nie	50 mg (een keer per dag)	100 mg (twee verdeelde dosisse)	200 – 400 mg (twee verdeelde dosisse). Om instandhouding te bereik, kan die dosisse elke 1 - 2 weke met 100 mg verhoog word.
Pasiënte wat natriumvalproaat gebruik	25 mg (op alternatiewe dae)	25 mg (een keer per dag)	100 - 200 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse). Om instandhouding te bereik, kan dosisse elke 1 – 2 weke met 25 – 50 mg verhoog word.

Die aanbevole aanvangsdosis en daaropvolgende verhoging in dosisse moet nie oorskry word nie om die risiko vir veluitslag te verminder (kyk "**Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls**").

Kinders 2 tot 12 jaar oud:
Die aanvangsdosis van **Lamidus ODT** vir diegene wat nie natriumvalproaat gebruik nie, is 0,6 mg/kg liggaamsmassa/dag as twee verdeelde dosisse vir twee weke gevolg deur 1,2 mg/kg/dag vir twee weke. Daarna moet die dosis elke 1 tot 2 weke met 'n maksimum van 1,2 mg/kg verhoog word totdat die optimale respons verkry word. Die gewone instandhoudingsdosis is 5 - 15 mg/kg/dag gegee as twee verdeelde dosisse. 'n Maksimum daaglikse dosis van 400 mg moet nie oorskry word nie.
Die aanvangsdosis van **Lamidus ODT** vir diegene wat natriumvalproaat gebruik, is 0,15 mg/kg liggaamsmassa/dag een keer per dag vir twee weke gevolg deur 0,3 mg/kg/dag een keer per dag vir twee weke. Daarna moet die dosis elke 1 tot 2 weke met 'n maksimum van 0,3 mg/kg verhoog word totdat die optimale respons verkry word. Die gewone instandhoudingsdosis om optimale respons te verkry, is 1 - 5 mg/kg/dag gegee een keer per dag of as twee verdeelde dosisse. 'n Maksimum daaglikse dosis van 200 mg moet nie oorskry word nie.
Vir pasiënte wat anti-epileptiese medisyne gebruik waarvan die farmakokinetiese interaksie met **Lamidus ODT** tans onbekend is, moet die eskalering in die dosis soos aanbeveel vir **Lamidus ODT** saam met valproaat gebruik word. Daarna moet die dosis verhoog word totdat die optimale respons verkry word.

KINDERS 2 TOT 12 JAAR (TOTALE DAAGLIKSE DOSIS)

	Weke 1 & 2	Weke 3 & 4	Instandhoudingsdosis
Pasiënte wat nie natriumvalproaat gebruik nie	0,6 mg/kg (twee verdeelde dosisse)	1,2 mg/kg (twee verdeelde dosisse)	inkremente van 1,2 mg/kg elke 1 – 2 weke om 'n instandhoudingsdosis van 5 – 15 mg/kg (twee verdeelde dosisse) te bereik tot 'n maksimum van 400 mg/dag.
Pasiënte wat natriumvalproaat gebruik	0,15 mg/kg (een keer per dag)	0,3 mg/kg (een keer per dag)	inkremente van 0,3 mg/kg elke 1 – 2 weke om 'n instandhoudingsdosis van 1 – 5 mg/kg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse) te bereik tot 'n maksimum van 200 mg/dag.

Die aanbevole aanvangsdosis en daaropvolgende verhoging in dosisse moet nie oorskry word nie om die risiko vir veluitslag te verminder (kyk "**Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls**").

Let wel: As die berekende daaglikse dosis minder as 5 mg is, moet **Lamidus ODT** nie gebruik word nie.
Pasiënte van 2 - 6 jaar oud kan 'n instandhoudingsdosis aan die hoër kant van die aanbevole dosisgebied nodig hê.

Dosis vir toevalle saam met die Lennox-Gastautsindroom
Die riglyne vir dosering soos hierbo vir sowel volwassenes en kinders van 2 tot 12 jaar oud geld ook vir die behandeling van toevalle wat met die Lennox-Gastautsindroom gepaardgaan.

Kinders jonger as 2 jaar
Daar is onvoldoende inligting oor die gebruik van **Lamidus ODT** vir kinders jonger as twee jaar.
BIPOLÊRE VERSTEURING: Vanweë die risiko vir uitslag, moet die aanvangsdosis en die daaropvolgende dosisverhoging nie oorskry word nie (kyk " **Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls"**).

Lamotrigien word aanbeveel vir gebruik deur bipolêre pasiënte met 'n risiko vir 'n toekomstige depressiewe episode.
Die volgende oorgangsregimen moet gevolg word om herhaling van depressiewe episodes te voorkom. Die oorgangsregimen behels eskalering van die dosis **Lamidus ODT** oor ses weke tot 'n instandhoudingsdosis (kyk tabel hier onder), waarna ander psigotropiese en/of anti-epileptiese medisyne onttrek kan word, indien klinies aangedui.

Aanvullende behandeling moet oorweeg word vir die voorkoming van maniese episodes, aangesien die doeltreffendheid van **Lamidus ODT** in manie nog nie finaal vasgestel is nie.

Aanbevole dosisverhoging tot die totale stabiliserende instandhoudingsdosis vir volwassenes (ouer as 18 jaar) wat vir bipolêre versteuring behandel word:

Behandelingsregimen	Weke 1 en 2	Weke 3 en 4	Week 5	Teikenstabiliseringsdosis (Week 6)
a. Aanvullende behandeling met ensiemremmers, bv. valproaat	12,5 mg (25 mg gegee op alternatiewe dae)	25 mg (een keer per dag)	50 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)	100 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse) (maksimum daaglikse dosis van 200 mg)
b. Aanvullende behandeling met ensieminduseerders, bv. karbaamasepien en fenobarbitoon, in pasiënte wat NIE valproaat gebruik nie	50 mg (een keer per dag)	100 mg (twee verdeelde dosisse)	200 mg (twee verdeelde dosisse)	300 mg in week 6, verhoog tot 400 mg/dag indien nodig in week 7 (twee verdeelde dosisse)
c. Aanvullende behandeling saam met medisyne met geen bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien nie, bv. litium, bupropioon, OF monoterapie met lamotrigien	25 mg (een keer per dag)	50 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)	100 mg (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)	200 mg (gebied 100 – 400 mg) (een keer per dag of twee verdeelde dosisse)
LET WEL: Vir pasiënte wat anti-epileptiese medisyne gebruik waarvan die farmakokinetiese interaksie met lamotrigien tans onbekend is, moet die eskalering in die dosis soos aanbeveel vir lamotrigien saam met valproaat gebruik word.				
Die teikenstabiliseringsdosis sal na gelang van die kliniese respons wissel.				

a) Aanvullende behandeling saam met ensiemremmers, bv. valproaat:
Vir pasiënte wat ensiemremmende medisyne soos valproaat gebruik, is die aanvanklike dosis **Lamidus ODT** 25 mg elke tweede dag vir twee weke, gevolg deur 25 mg een keer per dag vir twee weke. Die dosis moet in week 5 tot 50 mg een maal per dag (of in twee verdeelde dosisse) verhoog word. Die gewone teikendosis om optimale respons te verkry, is 100 mg/dag een keer per dag of as twee verdeelde dosisse gegee. Die dosis kan egter afhangend van die kliniese respons tot 'n maksimum daaglikse dosis van 200 mg verhoog word.
b) Aanvullende behandeling met ensieminduseerders, bv. karbaamasepien en fenobarbitoon, in pasiënte wat NIE valproaat gebruik nie
Vir pasiënte wat ensieminduserende medisyne soos karbaamasepien of fenobarbitoon gebruik en NIE valproaat gebruik nie, is die aanvanklike dosis lamotrigien 50 mg een keer per dag vir twee weke, gevolg deur 100 mg/dag in twee verdeelde dosisse vir twee weke. Die dosis moet tot 200 mg/dag as twee dosisse in week 5 verhoog word. Die dosis kan in week 6 tot 300 mg/dag verhoog word, maar die normale teikendosis om 'n optimale respons te verkry, is 400 mg/dag in twee verdeelde dosisse, wat vanaf week 7 gegee kan word.
c) Aanvullende behandeling saam met medisyne met geen bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien nie, bv. litium, bupropioon, of monoterapie met lamotrigien:
Die aanvanklike dosis lamotrigien vir pasiënte wat terselfdertyd medisyne gebruik sonder enige bekende/teoretiese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien, of in monoterapie is 25 mg een keer per dag vir twee weke, gevolg deur 50 mg een keer per dag (of in twee verdeelde dosisse) vir twee weke. Die dosis moet in week 5 tot 100 mg/dag verhoog word. Die gewone teikendosis om optimale respons te verkry, is 200 mg/dag een keer per dag of as twee verdeelde dosisse gegee. 'n Gebied van 100 - 400 mg is in kliniese proewe gebruik.

Nadat die teiken daaglikse stabiliseringsdosis bereik is, kan ander psigotropiese medisyne onttrek word soos in die onderstaande dosisskedule (kyk onderstaande tabel) uiteengesit.

Totale daaglikse dosis vir instandhoudingstabilisasie in bipolêre versteuring na onttrekking van gepaardgaande psigotropiese of anti-epileptiese medisyne:

Behandelingsregimen	Week 1	Week 2	Week 3 en verder
a. Na onttrekking van ensiemremmers, bv. valproaat	Verdubbel die stabliseringsdosis, moenie 100 mg/week oorskry nie. d.w.s. 100 mg/dag teiken stabiliseringsdosis sal toegeneem in week 1 tot 200 mg/dag.	Hou vol met hierdie dosis (200 mg/dag) (twee verdeelde dosisse)	
b. Na onttrekking van ensieminduseerders, bv. karbaamasepien, afhangende van die oorspronklike dosis	400 mg	300 mg	200 mg
	300 mg	225 mg	150 mg
	200 mg	150 mg	100 mg
c. Na onttrekking van ander psigotropiese of anti-epileptiese medisyne sonder 'n bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien, bv. litium, bupropioon	Handhaaf die teikendosis wat tydens dosisverhoging (200 mg/dag) verkry is(twee verdeelde dosisse)(gebied 100 – 400 mg)		
LET WEL: Vir pasiënte wat anti-epileptiese medisyne gebruik waarvan die farmakokinetiese interaksie met lamotrigien tans onbekend is, moet die eskalering van die dosis soos aanbeveel vir lamotrigien saam met valproaat gebruik word.			
Die dosis kan na 400 mg/dag verhoog word			

a) Na onttrekking van aanvullende behandeling saam met ensiemremmers, bv. valproaat:
Sodra valproaat beëindig is, moet die dosis **Lamidus ODT** tot dubbel die dosis van die oorspronklike teikenstabiliseringsdosis verhoog word en dit moet volgehou word.
b) Na die staking van aanvullende terapie met ensieminduseerders, bv. karbaamasepien, afhangende van die oorspronklike instandhoudingsdosis:
Die dosis **Lamidus ODT** moet geleidelik oor 3 weke verminder word, aangesien die ensieminduseerder onttrek is.
c) Na die onttrekking van aanvullende behandeling met ander psigotropiese of anti-epileptiese medisyne sonder bekende farmakokinetiese interaksie met lamotrigien, bv. litium, bupropioon:
Die teikendosis wat in die dosiseskaleringprogram bereik is, moet tydens die onttrekking van die ander medikasie gehandhaaf word.
Aanpassing van die daaglikse dosering van **Lamidus ODT** in pasiënte met bipolêre versteuring na byvoeging van ander medisyne:
Daar is geen kliniese ondervinding met die aanpassing in die daaglikse dosis van **Lamidus ODT** na toevoeging van ander medisyne nie. Op grond van medisyne-interaksiestudies kan die volgende aanbevelings egter gemaak word (kyk hier onder):
Aanpassing in die daaglikse dosering vir pasiënte met bipolêre versteuring na byvoeging van ander medisyne:

Behandelingsregimen	Huidige stabiliseringsdosis van lamotrigien (mg/dag)	Week 1	Week 2	Week 3 en verder
a. Byvoeging van ensieminhibeerders bv. afhangende van oorspronklike dosis lamotrigien	200 mg	100 mg	Handhaaf hierdie dosis (100 mg/dag)	
	300 mg	150 mg	Handhaaf hierdie dosis (150 mg/dag)	
	400 mg	200 mg	Handhaaf hierdie dosis (200 mg/dag)	
b. Toevoeging van ensieminduseerders, byvoorb. eeld karbaamasepien, vir pasiënte wat NIE valproaat gebruik nie en afhangende van die oorspronklike dosis lamotrigien	200 mg	200 mg	300 mg	400 mg
	150 mg	150 mg	225 mg	300 mg
	100 mg	100 mg	150 mg	200 mg
c. Toevoeging van ander psigotropiese of AEM's met geen bekende kliniese farmakokinetiese interaksie met lamotrigien nie, bv. litium, bupropioon	Handhaaf die teikendosis wat tydens dosiseskalering verkry is (200 mg/dag) (gebied 100 – 400 mg)			
LET WEL : Vir pasiënte wat anti-epileptiese medisyne gebruik waarvan die farmakokinetiese interaksie met Lamidus ODT tans onbekend is, moet die eskalering van die dosis soos aanbeveel vir Lamidus ODT saam met valproaat gebruik word.				

Staking van **Lamidus ODT** in pasiënte met bipolêre versteuring: Pasiënte kan **Lamidus ODT** stop sonder om die dosis stapsgewys te verlaag.
Kinders (jonger as 18 jaar): Die veiligheid en doeltreffendheid van **Lamidus ODT** vir bipolêre versteuring is nie in hierdie ouderdomsgroep beoordeel nie. Daarom kan 'n dosisaanbeveling nie gedoen word nie.

ALGEMENE INLIGTING OOR DOSERING:
Toediening: **Lamidus ODT** (oplosbaar) moet in 'n klein hoeveelheid water opgelos word (ten minste genoeg om die hele tablet te bedek). Die tablette kan ook gekou word, of, indien verkies, heel met 'n bietjie water ingesluk word.

NEWE-EFFEKTE
Newe-effekte:
Versteurings van die bloed- en limfstelsel
Minder dikwels:
Bloeddiskrasie waaronder anemie, eosinofilie, leukopenie of trombositopenie

Versteurings van die immuunstelsel
Minder dikwels:
Hipersensitiwiteit sindroom, angio-edeem

Simptome soos koors, ongesteldheid, griepsimptome, lomerigheid, limfadenopatie, edeem in die gesig en soms lewerdisfunksie, leukopenie en trombositopenie, verspreide intravaskulêre koagulasie en multi-orgaanversaking is saam met veluitslag aangemeld as deel van 'n hipersensitiwiteitsindroom (kyk "**Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls**").

Psigiatriese versteurings
Minder dikwels:
Aggressie, hallusinasies

Versteurings van die senustelsel
Dikwels:
Hoofpyn, duiseligheid, slaperigheid, afwykings in koördinasie, ataksie, vertigo, parestesie
Minder dikwels:
Angs, verwardheid, depressie, geïrriteerdheid, meer toevalle, nistagmus en slaaploosheid, bewerasie, onvastheid, bewegingsversteurings, verergering van die siekte, ekstrapiramidale effekte, choreo-atetose

Oogversteurings
Dikwels:
Abnormaliteite in visie, waaronder dowwe visie en diplopie
Minder dikwels:
Konjunktivitis

Gastro-intestinale versteurings
Dikwels:
Naarheid en braking

Hepatobiliêre versteurings
Minder dikwels:
Hoër waardes in lewerfunksietoetse, lewerdisfunksie, lewerversaking

Versteurings van die vel en subkutane weefsel:
Dikwels:
Veluitslag
Minder dikwels:
Stevens-Johnsonsindroom of toksiese epidermale nekrolise

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend:
Fotosensitiwiteit

Ernstige veluitslag waaronder die Stevens-Johnsonsindroom is veral in kinders aangemeld. Die veluitslag verskyn gewoonlik binne 8 weke na aanvang van behandeling met **Lamidus ODT** en klaar na staking van **Lamidus ODT** op.

Versteurings van die muskuloskeletale stelsel, bindweefsel en skeletbene
Dikwels:
Artralgie
Minder dikwels:
Lupusagtige reaksie

Algemene versteurings en versteurings by die plek van toediening
Dikwels:
Pyn, rugpyn, moegheid

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
Simptome en tekens
Sedasie, ataksie, diplopie, naarheid en braking is aangemeld.
Behandeling
In geval van oordosering moet die pasiënt in die hospitaal opgeneem en geskikte ondersteunende behandeling ontvang. Maagspoeling moet gedoen word, indien aangedui.

IDENTIFIKASIE:
Lamidus 5 mg ODT : Wit tot afwit kapsulevormige onbedekte tablette, met "H" op die een kant gedruk en "81" op die ander kant.
Lamidus 25 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "80" op die plat kant.
Lamidus 50 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "79" op die plat kant.
Lamidus 100 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "78" op die plat kant.
Lamidus 200 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "77" op die plat kant.

AANBIEDING:
Lamidus 5 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 100 tablette - elke karton bevat 10 stulpstroke met 10 tablette elk.

Lamidus 25 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.

Lamidus 50 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.

Lamidus 100 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie. Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.

Lamidus 200 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.

BEWARINGSINSTRUKSIES :
Bêre by of onder 25 °C. Hou die stulpstroke in die oorspronklike karton totdat dit benodig word. Hou die houers dig toe.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:
Lamidus 5 mg ODT : 45/2.5/0637
Lamidus 25 mg ODT : 45/2.5/0638
Lamidus 50 mg ODT : 45/2.5/0639
Lamidus 100 mg ODT : 45/2.5/0640
Lamidus 200 mg ODT : 45/2.5/0641

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS.) BPK.
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1
Eerste Vloer Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
1448, Suid Afrika.

Bemark deur:
ZYDUS HEALTHCARE SA (EDMS.) BPK.
Southdowns Gebou
22 Karee Straat
Centurion, 0157
Suid Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PROFESSIONELE INLIGTING:

Datuum van registrasie:
26 November 2015

Datuum van herseining:
18 Maart 2023

P1537425

↑ DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTINGSBLAD

Skeduleringstatus: S3
Lamidus 5 mg ODT (oplosbare tablet)
Lamidus 25 mg ODT (oplosbare tablet)
Lamidus 50 mg ODT (oplosbare tablet)
Lamidus 100 mg ODT (oplosbare tablet)
Lamidus 200 mg ODT (oplosbare tablet)
Lamotrigien

> **Lees hierdie hele blad noukeurig deur voordat u begin om Lamidus ODT te gebruik.**
> - Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
> - As u nog vrae het, vra asseblief vir u dokter of u apteker.
> - **Lamidus ODT** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne vir ander mense gee nie. Dit kan hulle skaad, selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

1. WAT Lamidus ODT BEVAT
Die aktiewe bestanddeel is lamotrigien
Lamidus 5 mg ODT : elke onbedekte tablet bevat 5 mg lamotrigien.
Lamidus 25 mg ODT : elke onbedekte tablet bevat 25 mg lamotrigien.
Lamidus 50 mg ODT : elke onbedekte tablet bevat 50 mg lamotrigien.
Lamidus 100 mg ODT : elke onbedekte tablet bevat 100 mg lamotrigien.
Lamidus 200 mg ODT : elke onbedekte tablet bevat 200 mg lamotrigien.
Die ander bestanddele is swartbessiegeursel, mikrokristallyne sellulose, magnesiumkarbonaat, magnesiumstearaat, kaliumpolakrilien, en povidoon.
Bevat versoeter: Sukralose
Lamidus 5 mg ODT : 2,5 mg/tablet
Lamidus 25 mg ODT : 2,0 mg/tablet
Lamidus 50 mg ODT : 4,0 mg/tablet
Lamidus 100 mg ODT : 8,0 mg/tablet
Lamidus 200 mg ODT : 16,0 mg/tablet

2. WAARVOOR Lamidus ODT GEBRUIK WORD
Lamidus ODT behoort aan 'n groep medisyne wat anti-epileptiese middels genoem word. Dit word gebruik om twee toestande te behandel: epilepsie en bipolêre versteuring.

EPILEPSIE
Vir volwassenes en kinders van 12 jaar en ouer
- **Lamidus ODT** kan alleen of saam met ander medisyne gebruik word vir die behandeling van sekere soorte toevalle in pasiënte met epilepsie.
- **Vir kinders tussen 2 en 12 jaar**
- **Lamidus ODT** kan alleen of saam met ander medisyne gebruik word vir die behandeling van sekere soorte toevalle in pasiënte met epilepsie. Dit word aanbeveel dat **Lamidus ODT** nie alleen gebruik word vir die behandeling van epilepsie in kinders jonger as 12 jaar nie.
- **Lamidus ODT** kan ook saam met ander medisyne gebruik word vir die behandeling van aanvalle wat voorkom met 'n toestand genaamd Lennox-Gastaut-sindroom.

BIPOLÊRE VERSTEURING
- **Vir volwassenes van 18 jaar en ouer**
  Lamidus ODT word gebruik om buierige episodes in pasiënte met bipolêre versteuring te voorkom, hoofsaaklik deur depressiewe fases te voorkom.

3. VOORDAT U Lamidus ODT DRINK
Moet nie Lamidus ODT drink nie:
- **as u hipersensitief (allergies) vir lamotrigien of enige van die ander bestanddele van Lamidus ODT is.**
- as u swanger is of borsvoed.
- as u nier- of lewerprobleme het.
- as u jonger as 65 jaar is.

Wees veral versigtig met Lamidus ODT:
- Sommige pasiënte kan erge toevalle ervaar, wat tot erge gesondheidsprobleme kan lei, wat gewoonlik sterftes veroorsaak.
  As u erge toevalle ervaar terwyl u **Lamidus ODT** drink, moet u so gou as moontlik dokter toe gaan. U dokter kan dit oorweeg om **Lamidus ODT** te onttrek indien die toevalle vererger.
- Indien jy 'n geskiedenis van hartprobleme of hartchirurgie het, kan jy 'n abnormale hartklop ervaar, wat ernstige skade kan veroorsaak.
- U kan 'n uitslag kry wanneer u **Lamidus ODT** drink. Hierdie velreaksies sal waarskynlik binne die eerste 8 weke na die aanvang van die behandeling voorkom. Alhoewel die meeste pasiënte wat 'n uitslag kry ligte simptome het, kan sommige persone 'n ernstige (soms dodelike) velreaksie ontwikkel waarvoor hospitalisasie nodig is. Letsels en sterftes is aangemeld. Ernstige velreaksies kom meer dikwels in kinders as in volwassenes voor.
- Veluitslag sal meer waarskynlik voorkom as u:
  - **Lamidus ODT** in kombinasie met ander medisyne genaamd valproaat drink
  - met 'n te hoë dosis begin
  - u dosis te vinnig verhoog
- Dit is nie moontlik om te voorspel of 'n ligte uitslag tot 'n ernstiger reaksie sal ontwikkel nie. **As u een van hierdie simptome ervaar nadat u met Lamidus ODT begin het, moet u dadelik 'n dokter se hulp kry: veluitslag, hoë temperatuur (koors), geswelde limfkliere, jeuk, swelling in die gesig, bloed- en lewerprobleme, onverwagse bloeding of kneusing, griepagtige simptome of lomerigheid.** 'n Dokter moet u toestand evalueer en besluit of u moet aanhou om **Lamidus ODT** te drink.
- Pasiënte met bipolêre versteuring kan soms dink om hulleself te beseer of om selfmoord pleeg. Bel u dokter dadelik as u aan selfmoord dink of om uself te beseer.
- Terwyl u **Lamidus ODT** gebruik, kan u dokter besluit om u lewer, niere of bloed te toets.
- U moet nooit meer **Lamidus ODT** drink as wat u dokter gesê het nie.
- Om **Lamidus ODT** te stop, is dit belangrik dat u dosis oor 'n periode van 2 weke geleidelik verlaag word. As u skielik met **Lamidus ODT** ophou, kan u epilepsie terugkom of vererger.
- Aangesien die effektiewe dosis vir kinders van hul liggaamsgewig afhang, moet die gewig van 'n kind gemonitor word en die dosis moet hersien word soos wat gewig verander.
- **Lamidus ODT** moet versigtig gebruik word deur pasiënte wat folaatantagoniste gebruik (medisyne wat die metabolisme van foliensuur beïnvloed).

Gebruik van Lamidus ODT saam met voedsel en drank:
- **Lamidus ODT** kan met of sonder voedsel gedrink word.

Swangerskap en borsvoeding
- Die veilige gebruik van **Lamidus ODT** tydens swangerskap en borsvoeding is nie bepaal nie.

> As u swanger is of u baba borsvoed, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidskundige asseblief om advies raadpleeg voordat u **Lamidus ODT** drink.

Motorbestuur en gebruik van masjinerie:
Lamidus ODT kan duiseligheid, lomerigheid en dowwe of dubbele visie veroorsaak. Moenie 'n voertuig bestuur of masjinerie gebruik as u aangetas word nie.

Gebruik van ander medisyne saam met Lamidus ODT:
Sê altyd vir u gesondheidspraktisyn as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende of tradisionele medisyne).
Sê vir u dokter voordat u **Lamidus ODT** drink as u enige van die volgende middels gebruik:
- fenitoïen
- karbaamasepien
- fenobarbitoon:
- primidoon
- valproësuur
- orale voorbehoedmiddels (voorbehoedpille) - As u 'n mondelinge voorbehoedmiddel gebruik en enige veranderinge in u menstruele patroon opmerk, soos deurbraakbloeding of kolle tussen menstuasies, moet u vir u dokter sê.
- rifampisien
- lopinavir
- ritonavir

As u enige van die bogenoemde middels gebruik, kan dit wees dat u dalk nie **Lamidus ODT** kan drink nie of u dosis moet aangepas word of u dokter moet u noukeurig vir newe-effekte monitor.

4. HOE OM Lamidus ODT TE DRINK

> Gebruik **Lamidus ODT** altyd presies soos wat u dokter vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie. Sê vir u dokter of apteker as u die indruk het dat die effek van **Lamidus ODT** te sterk of te swak is.

- Gebruik **Lamidus ODT** soos deur u dokter voorgeskryf.
- Moenie u dosis **Lamidus ODT** verhoog of meer dikwels dosisse drink as wat u dokter aangedui het nie.
- U dokter sal met 'n lae dosis begin en die dosis geleidelik oor 'n paar weke verhoog totdat u 'n dosis bereik wat vir u werk (die effektiewe dosis genoem).
- Die dosis wat u drink, hang van u ouderdom af en of u **Lamidus ODT** saam met ander medisyne gebruik.
- Die gewone effektiewe dosis **Lamidus ODT** vir volwassenes en kinders ouer as 12 jaar is tussen 100 mg en 400 mg per dag.
- Vir kinders van 2 tot 12 jaar hang die effektiewe dosis van hul liggaamsgewig af - gewoonlik is dittussen 1 mg en 15 mg vir elke kilogram gewig van die kind, tot 'n maksimum van 400 mg per dag.
- **Lamidus ODT** moet nie aan pasiënte jonger as 18 jaar gegee word om bipolêre versteuring te behandel nie.

As u meer Lamidus ODT gedrink het as wat u moes:
- Simptome van oordosering kan onder meer sedasie (met 'n strelende, kalmerende of bedwelmende effek), lompheid en gebrek aan koördinasie, dubbelvisie, naarheid en braking.
- As u meer **Lamidus ODT** gedrink het as wat u moes, moet u in die hospitaal opgeneem word en toepaslike behandeling kry.

> Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

As u vergeet om Lamidus ODT te drink:
Moenie 'n dubbele dosis drink om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
Lamidus ODT kan newe-effekte hê.
As u 'n allergiese reaksie of potensieel ernstige velreaksie ervaar, kry dadelik 'n dokter se hulp.
U kan 'n allergiese reaksie of potensieel ernstige velreaksie ervaar, wat tot ernstiger en selfs lewensgevaarlike probleme kan ontwikkel as dit nie behandel word nie.
Simptome van hierdie reaksies sluit in:
- veluitslag of -rooiheid
- angio-edeem (probleme met asemhaling, swelling van die gesig, mond, hande of voete)
- hoë temperatuur (koors), griepagtige simptome of lomerigheid
- swelling om die gesig of geswelde kliere in jou nek, oksels of lieste
- ongewone bloeding of kneusing
- keelseer of meer infeksies as gewoonlik
- skaars veltoestand met erge blase en bloeding op die lippe, oë, mond, neus en geslagsdele wat die Stevens-Johnsonsindroom (SJS) genoem word.
- erge velreaksie, wat met 'n pynlike rooi area begin, tot groot blase ontwikkel en dan dop lae van die vel af (toksiese epidermale nekrolise)

In baie gevalle is hierdie simptome tekens van minder ernstige newe-effekte. U moet egter daarvan bewus wees dat dit potensieel ernstig is - as u dus enige van hierdie simptome opmerk, moet u so spoedig moontlik 'n dokter raadpleeg.

Bel u dokter onmiddellik as u enige van hierdie ernstige newe-effekte het:
- toevalle wat meer dikwels voorkom
- probleme met asemhaling, swelling van die gesig, mond, hande of voete
- depressie
- hallusinasies ("sien" of "hoor" goed wat nie daar is nie)

Ander newe-effekte is onder meer:
- effekte wat in bloedtoetse kan wyswaaronder minder rooibloedselle (bloedarmoede), minder witbloedselle, minder bloedplaatjies wat bloeding of kneusplekke kan veroorsaak.
- hoofpyn
- veranderinge in lewerfunksie.
- voel duiselig of lomerigheid
- lompheid en gebrek aan koördinasie
- voel "wankelrig" of onvas as jy rondbeweeg
- vinnige, onbeheerbare oogbewegings
- angs
- verwardheid
- geïrriteerdheid
- probleme om te slaap
- bewerasie of tremor
- dubbel- of dowwe visie
- moegheid
- naarheid (voel mislik) en braking (bring op)
- oorgevoeligheid van die vel vir lig
- aggressie
- pyn in die rug of gewrigte, of elders
- gevoelloosheid, tinteling, naalde en spelde
- sensasie van in die rondte draai of swaai (vertigo)
- verergering van Parkinson se siekte

Indien enige van die newe-effekte ernstig of lastig word, moet u dit vir u dokter of apteker sê.

> Nie al die newe-effekte wat vir **Lamidus ODT** aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand vererger of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u **Lamidus ODT** drink, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidspraktisyn asseblief om advies raadpleeg.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN Lamidus ODT
Bêre by of onder 25 °C (kamertemperatuur). Hou die stulpstroke in die karton totdat dit benodig word. Hou die houers dig toe.

> Hou alle medisyne buite bereik en sig van kinders.

> Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
> Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

7. AANBIEDING VAN Lamidus ODT
Lamidus 5 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 100 tablette - elke karton bevat 10 stulpstroke met 10 tablette elk.
Lamidus 25 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.
Lamidus 50 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.
Lamidus 100 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie. Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.
Lamidus 200 mg ODT :
Stulppak:
Tablette is verpak in helder PVC gelamineer met Aclar en gedrukte aluminiumfoelie.
Elke stulpstrook bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 60 tablette - elke karton bevat 6 stulpstroke met 10 tablette elk.

8. IDENTIFIKASIE VAN Lamidus ODT
Lamidus 5 mg ODT : Wit tot naaswit kapsulevormige onbedekte tablette, met "H" op die een kant gedruk en "81" op die ander kant.
Lamidus 25 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "80" op die plat kant.
Lamidus 50 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "79" op die plat kant.
Lamidus 100 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "78" op die plat kant.
Lamidus 200 mg ODT : Wit tot afwit, ronde, vierkantige, onbedekte tablette met "H" op die multifasetkant gedruk en "77" op die plat kant.

9. REGISTRASIENOMMER/VERWYSINGSNOMMER
Lamidus 5 mg ODT : 45/2.5/0637
Lamidus 25 mg ODT : 45/2.5/0638
Lamidus 50 mg ODT : 45/2.5/0639
Lamidus 100 mg ODT : 45/2.5/0640
Lamidus 200 mg ODT : 45/2.5/0641

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS.) BPK.
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1
Eerste Vloer Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
1448, Suid Afrika.
Bemark deur:
ZYDUS HEALTHCARE SA (EDMS.) BPK.
Southdowns Gebou
22 Karee Straat
Centurion, 0157
Suid Afrika

11. DATUM VAN PUBLIKASIE
Datuum van registrasie:
26 November 2015
Datuum van herseining:
08 Desember 2023

AUROBINDO
Packaging Development

Product Name	Component	Item Code	Date & Time
Lamidus ODT Tablets Zydus	Leaflet	P1537425	27.07.2024 & 11:23 AM
Customer / Country	Version No.	Reason of Issue	No. of Colours : 1
South Africa R1 U3	01	New	Black
Dimensions	Font Type	Font Size	
A/s: 350 x 760 mm	Helvetica	6 pt	
Pharmacode			
37425			

Team Leader: Kiran Kumar
Initiator: Bhogeswara Rao
Design gency: vakils PREMEDIA
APL_LN: 2917

Date - Designer - Run:
1. 20-JUL-2024 (Rupesh) - FR
2. 27-JUL-2024 (Rohan) - RR1
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.
11.
12.
13.
14.
15.
16.
17.
18.
19.
20.

Additional Information: Supersede Code: P1532992

Reviewed / Approved by

Sign / Date